**Inter-Breyten - Breytenbach in context**
Gents Centrum voor Afrikaans en de Studie van Zuid-Afrika
26-27 November 2026

Karen Kuhn
Referaatvoorstel

Hierdie PhD-studie ondersoek die moontlikheid van ’n Jungiaanse alchemistiese interpretasie van die bundel *op weg na kû* (2019) deur Breyten Breytenbach. Sy werk word gekenmerk deur sowel ’n sterk betrokkenheid by sosiale, politieke en eksistensiële temas, as ’n spirituele dimensie beïnvloed deur Zen-Boeddhisme. Hierdie eienskappe skep ruimte vir ’n interpretasie deur die lens van Carl Gustav Jung se analitiese sielkunde en alchemistiese simboliek.

Jung beskou alchemie as ’n simboliese brug tussen Gnostisisme en moderne sielkunde, waarin die proses van individuasie en die verwesenliking van die “Self” sentraal staan. Die spanning van teenoorgesteldes binne die kollektiewe onbewuste lei tot transformasie, soortgelyk aan alchemiese fases soos *nigredo*, *albedo* en *rubedo*, wat uiteindelik kulmineer in die simboliese “filosoof se klip”.

Hierdie studie gebruik Jungiaanse alchemiese teorie en literêre alchemie as teoretiese raamwerk, tesame met Jungiaanse literêre kritiek en formalistiese stiplees as metodologiese benadering. ’n Jungiaanse lesersreaksie-benadering word ook betrek om die interpretasie te verdiep.

Die ontleding toon dat verskeie gedigte duidelike alchemiese prosesse en simbole bevat, met ’n spreker wat ’n transformerende reis ondergaan. Die fase *nigredo* is dominant, terwyl *albedo* en *rubedo* die sikliese aard van transformasie aandui.

Deur die wisselwerking tussen alchemistiese teorie en poëtiese uitdrukking te ondersoek, dra hierdie studie by tot ’n Jungiaanse interpretasie van Breytenbach se poësie en stel dit voor dat die betrokke verse as literêre alchemie geklassifiseer kan word.

[223]

**dr Karen Kuhn**
Senior Lecturer
karen@amu.edu.pl
Department of Dutch and South African Studies
Faculty of English
Adam Mickiewicz University in Poznań
Collegium Heliodori Święcicki
ul. Grunwaldzka 6
60-780 Poznań, Poland